# LAERSKOOL EVERSDAL

# TOELATINGSBELEID

## 1. INLEIDING

1.1 Ingevolge Artikel 5(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996, is die Beheerliggaam van 'n openbare skool by magte om die toelatingsbeleid van die betrokke skool te bepaal.

1.2 Toelating verwys na die proses waardeur ‘n persoon aansoek doen en aanvaar word as ‘n leerder van die skool. Die Beheerliggaam van die **LAERSKOOL EVERSDAL** het dienooreenkomstig die volgende as Toelatingsbeleid van die skool saamgestel en glo dat die bepalings in ooreenstemming is met:

1.2.1 Die Taalbeleid van Laerskool Eversdal.

1.2.2 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,1996 (Wet 108 van 1996).

1.2.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) en daaropvolgende wysigings.

1.2.4 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996) en enige toepaslike beleid wat in terme van hierdie Wet bepaal word[1].

1.2.5 Die Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole[2].

1.2.6 Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997).

1.2.7 Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000).

1.2.8 Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000).

1.2.9 Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013).

1.2.10 Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993).

1.2.11 Uitsprake van die Konstitusionele Hof rakende die regte, magte en verpligtinge van skoolbeheerliggame.

1.2.12 Immigrasiewet, 2002 (Wet 13 van 2002) – soos gewysig in 2014.

1.2.13 Wet op Vlugtelinge, 1998 (Wet 130 van 1998).

1.3 Aangesien die LAERSKOOL EVERSDAL 'n openbare skool is, verklaar die Beheerliggaam as volg:

1.3.1 daar word erken dat 'n openbare hulpbron aan hulle toevertrou is, en hierdie hulpbron moet sodanig bestuur word dat nie net huidige leerders en ouers se belange bevorder word nie, maar ook die belange van die gemeenskap waar die skool geleë is, met inagneming van die waardes van die Grondwet;

1.3.2 dat die toepaslike wetlike bepalings en verordeninge, in soverre dit vir hulle geld en bindend is, eerbiedig sal word en voorrang geniet bo die mag van die beheerliggaam om die skool se Toelatingsbeleid te bepaal;

1 WKOD-beleid vir die bestuur van Toelatings (Omsendbrief 26 van 2010).

2 Staatskoerant Volume 400, Nommer 19377 van 19 Oktober 1998, Kennisgewing no. 2432 van 1998.

1.3.3 'n verbintenis om in vennootskap met die Departementshoof te werk ten einde effektiewe oplossings te vind rakende meningsverskille, en om sinvol en ter goeder trou betrokke te wees by enige geskille, insluitende geskille rakende hierdie beleid en enige besluit wat op grond hiervan geneem word; en

1.3.4 stem toe tot enige sodanige interaksie mits dit gerig is op die bevordering van leerderbelange, met inagneming van die beste belang van die kind in sover dit nie inbreuk maak op die regte of belange van ander kinders nie.

1.4 Terselfdertyd eis die Beheerliggaam tydens enige toelatingsproses dat die Skoolhoof, die Departementshoof en hul verteenwoordigers die voorwaardes van hierdie beleid te alle tye in ag neem, regverdig en ingevolge die wet sal optree.

1.5 Ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid vereis en verwag die Beheerliggaam dat die Adjunkhoof en/of 'n verteenwoordiger alle ondersteunende strukture sal koördineer rakende die plasing van al die leerders, wat aansoek om toelating doen, volgens die regulasies soos vervat is in hierdie beleid.

## 2. BELEID

2.1 Die doelwit van die skool is om:

2.1.1 te voldoen aan die Toelatingsbeleid en om die wetlike aspekte en verordeninge konsekwent toe te pas.

2.1.2 'n omgewing te skep waar die ras, kultuur, godsdiens en ekonomiese status van die individu onder geen omstandighede sy/haar toegang tot of vordering in enige faset van die skoollewe sal belemmer nie.

2.2 Dit is die beleid van die skool dat:

2.2.1 geen leerder toegang geweier sal word op grond van ras, geslag, kultuur, taal, godsdienstige oortuiging, akademiese prestasie of finansiële omstandighede nie. Geen toets of onderhoud sal toegepas word om die toelating van 'n leerder te bepaal nie, behalwe in die geval waar leerders met leerhindernisse 'n gewone, openbare skool wil bywoon en dit in sy/haar opvoedkundige belang is om 'n plasingsbesluit te neem..

2.2.2 aangesien dit vasgestel is dat die onderrigmedium Engels of Afrikaans is, is dit noodsaaklik dat die leerder wat aansoek doen tot toelating, se moedertaal of taalvaardigheid sodanig ooreenstem met die skool se taal van leer en onderrig, dat hy/sy se vermoë om akademies te vorder, nie benadeel word a.g.v. taalbeperking nie.

2.2.3 aansoekers nie bevoordeel sal word uit 'n inherente bevoordeling tydens die aansoekproses nie. Dié aspek van die beleid sal egter toegepas word met grondige oorweging van die volgende:

2.2.3.1 Dit word as onbillik (onredelik) beskou om gesinsverhoudinge te benadeel deur die arbitrêre skeiding van broers/susters wat skoling betref. Gevolglik, en tensy daar redes is wat die teendeel voorskryf, sal voorkeur aan 'n aansoeker verleen word wat ten tye van sy/haar aansoek 'n broer of suster in die skool het vir die volgende skooljaar.

2.2.3.2 Dit word dienooreenkomstig as onbillik beskou dat 'n leerder arbitrêr deur die skool se toelatingsbeleid gedwing word om te reis na 'n instelling wat nie die naaste geskikte skool is van waar die leerder saam met sy/haar ouers woon nie. Gevolglik, by gebrek aan kragtige en objektiewe redes wat sodanige plasing verhinder, sal oorheersende voorkeur gegee word aan aansoekers wat saam met hulle ouer(s) nader aan hierdie skool as aan enige ander toepaslike skool woon.

2.2.3.3 Enige leerder wat toegelaat word tot die skool, geniet toelating tot die totale skoolprogram en mag nie uit klasse gesit, toegang tot kulturele, sport- of sosiale aktiwiteite van die skool belet, van 'n skoolrapport of oorplasingsertifikate ontneem of andersins geviktimiseer word op grond daarvan dat sy/haar ouer –

(a) nie in staat is om die vereiste skoolgeld kan betaal of betaal het nie;
(b) nie die missieverklaring of gedragskode van die skool onderskryf nie; of
(c) nie 'n kontrak wou aangaan ingevolge waarvan die ouer afstand doen van enige reg op skadevergoeding wat uit die onderrig van die leerder kan spruit nie.

2.3 Laerskool Eversdal is fooi-betalende Skool. Ouers kan aansoek doen vir vrystelling, onderhewig daaraan dat die toepaslike wettige dokumentasie in orde is[3].

2.4 Dit word spesifiek vermeld dat die inskrywing by enige Pre-primêr/Gr. R-skool/klasse geensins outomatiese toelating tot hierdie skool verleen nie.

## 3. ADMINISTRASIE VAN DIE TOELATINGSPROSES

Ten einde bovermelde te bereik, en terselfdertyd 'n regverdige en billike (gelykmatige) proses te verseker **in die geval waar daar 'n oorinskrywing van leerdergetalle ontstaan**, sal die maatreëls hieronder gelys, geïmplementeer word tydens die bestuur van die toelatingsproses:

3.1 Die aansoekproses se aanvang sal jaarliks in Februarie bepaal en adverteer word deur die WKOD[4].

3.2 Ouer(s) kan slegs aanlyn op die WKOD-webwerf aansoek doen. Geen harde kopie Skoolaansoekvorm is beskikbaar nie. Die webwerfskakel vir aansoeke is Admissions | Western Cape Education Department.

3.3 Dit is verpligtend vir ouers om by drie skole aansoek te doen en om hul voorkeurorde op die stelsel aan te dui.

3.4 **DOKUMENTE WAT DIE WKOD AANLYN AANSOEK VERGESEL MOET WORD:**
(Aansoek mag slegs deur ouers of wettige voogde gedoen word.)

3.4.1 Ouer(s) **moet** die vereiste ondersteunende dokumente op die stelsel laai as deel van die WKOD aanlyn aansoek.

3.4.2 **Slegs** ouers wat die aanvaarding bevestig, sal versoek word om die gesertifiseerde afskrifte en addisionele dokumente in te handig.

3.4.3 Hierdie dokumente moet die skool **binne sewe dae** bereik nadat die ouer die plek by Laerskool Eversdal bevestig het. Die aansoek is ONVOLLEDIG totdat alle ondersteunende dokumente ingehandig is en die inskrywing van die leerder kan geïmpakteer word totdat alle relevante ondersteunende dokumente ingehandig is.

**DIE VEREISTE DOKUMENTE IS SOOS VOLG**:

3.4.4 Afskrif van leerder se ID/geboortesertifikaat of paspoort.
Of
'n Studiepermit uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake vir buitelandse leerders.
Of
Alternatiewelik, indien 'n studiepermit nie beskikbaar is nie, bewys van aansoek by die Departement van Binnelandse Sake en 'n beëdigde verklaring.

Die direkte kinders van immigrante sal oorweeg word vir toelating, onderhewig aan die relevante dokumentasie wat korrek is[5].

3.4.5 Afskrif van Immuniseringssertifikaat (slegs Graad 1).

3 Staatskoerant 29311 van 18 Oktober 2006 – SASN.

4 Omsendbrief 0006/2021, 0063/2021 en 0018/2022.

5 Omsendbrief 0053/2021.

3.4.6 Bewys van adres (afskrif van munisipale rekening of wettige huurooreenkoms).

3.4.7 Afskrif van jongste vorderingsverslag/skoolrapport, indien die leerder voorheen 'n skool bygewoon het.

3.4.8 Enige oneerlike of verkeerde inligting wat tydens die aansoekproses ingedien word, kan daartoe lei dat die aansoek afgekeur en of gediskwalifiseer word deur die Skool se Beheerliggaam of die WKOD. Ingevolge artikel 31 van die Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet 51 van 1992), maak dit 'n oortreding om 'n vals verklaring af te lê of 'n vals verklaring oor die ouderdom van 'n leerder te laat maak.

In die geval waar 'n ouer/voog nie die vereiste dokumente het nie, kan die ouer/voog die plaaslike Distrikkantoor bel, wat die ouer/voog sal raad gee wat om te doen.

3.5 Daar dien spesifiek op gelet te word dat die ouer/wettige voog van 'n minderjarige leerder die uitsluitlike reg het om die aanvanklike besluit te neem rakende by watter skool hulle kind/pleegkind ingeskryf word. Gevolglik sal geen aansoek aanvaar of as geldig beskou word mits dit gedoen word deur 'n ouer, wettige voog, 'n persoon wat in opdrag van 'n regtens bevoegde hof toevertrou is met die sorg van 'n minderjarige leerder, of 'n persoon wat skriftelik gemagtig is deur een van die voorafgenoemdes nie.

3.6 Indien die aantal aansoekers die aantal beskikbare plekke in die **skool, graad, klas of vak** waarvoor aansoek gedoen word, oorskry, sal die aansoeke as volg hanteer word, met inagneming van die skool se beleid van nie-diskriminasie:

3.6.1 In ooreenstemming met wat in paragraaf 4 hieronder saamgevat is.

3.6.2 Indien die skool van mening is dat die plasing van die leerder in die skool in die beste belang van die betrokke leerder is.
NB: Die vermoë van die skool om voldoende aan die opvoedkundige behoeftes van die aansoeker (insluitend maar nie beperk tot taalvermoëns en ander spesiale behoeftes) te voldoen, sal in ag geneem word. Bogenoemde moet te alle tye in die beste belang van die leerder wees.

3.6.3 Die skool sal, waar dit prakties moontlik en haalbaar is en die skool oor die relevante opvoedkundige ondersteuning beskik, toelating gee aan leerders met spesiale onderrig-behoeftes[6].

3.7 Aansoeke binne die direkte geografies (die naaste aan) die skoolarea wat teen die sluitingsdatum ontvang is, sal voor dié wat na die sperdatum ontvang is, geprosesseer word.

3.8 Slegs na die hantering van al die aansoeke wat teen die sluitingsdatum ontvang en geprosesseer is, sal laat aansoeke deur die skool oorweeg word, en dan slegs indien daar nog plekke in die skool beskikbaar is. (**Verwys na Bylae A m.b.t. kapasiteit**).

3.9 Plasing van leerders in klasse word gedoen deur geslag eweredig te verdeel om inklusiwiteit en gebalanseerde deelname te bevorder.

3.10 Voornemende ouers sal via die WKOD webwerf per e-pos/SMS in kennis gestel word oor die uitslag. Die uitslag sal een van die volgende wees:

1. U kind se aansoek was suksesvol;
2. U kind se aansoek was nie suksesvol nie.

6 Artikel 12(4) van SASA, Deel 5 van die WKOD-Beleid.

## 4. BESLUITE M.B.T. TOELATING

### 4.1 Algemene verwagtinge

Met oorweging van die aansoeke sal van 'n potensiële leerder en ouer verwag word om, eerstens:

4.1.1 bereid te wees om 'n bydra te lewer tot die vier kritiese areas van die skoollewe, naamlik **akademie, sport, kultuur en diens**, en om deel te neem aan die aktiwiteite wat die skool aanbied.

4.1.2 onderworpe te wees aan skooldissipline, soos toegepas in hierdie skool, en om 'n gedragspeil en selfdissipline te openbaar wat daarvan getuig dat hy/sy geneig is om dissipline te help skep, te handhaaf en te verbeter eerder as om ontwrigtend te wees rakende die ordelike en gedissiplineerde skoolomgewing, die leerprosesse van die skool of die onderrig van mede-leerders.

4.2 Leerders wat die skool verlaat het en/of geskuif het na 'n ander skool, kwalifiseer nie outomaties vir hertoelating tot Laerskool Eversdal op grond van historiese toelating nie. Alle bepalings rakende toelating sal steeds van toepassing wees.

4.3 Die skoolhoof van 'n openbare skool moet 'n toelatingsregister van die skool byhou. Alle toelatings tot die skool moet in hierdie toelatingsregister aangeteken word. Die register moet die naam, geboortedatum, ouderdom, Identiteitsnommer, indien van toepassing, en die adres van die leerder, sowel as die name van die leerder se ouer(s), soos gestipuleer in die SASW van 1996 en die ouers se adresse en telefoonnommers, waar van toepassing, bevat.

### 4.4 Algemene kriteria wat geld vir alle aansoekers

4.4.1 Die suksesvolle voltooiing van of bevordering uit die graad onmiddellik voorafgaande van die graad waarvoor aansoek gedoen word, met die uitsondering van aansoeke om toelating tot Graad 1.

4.4.2 Die ouderdom van die aansoeker (m.a.w. die leerder wat aansoek doen om toelating). Neem asb. kennis dat 'n aansoeker wie se ouderdom met twee of meer jaar relatief tot die statistiese ouderdomsnorm van die graad se perk verskil, sal nie **normaalweg** vir toelating oorweeg word nie.

4.4.3 'n Leerder wat een of meer jare in die skool herhaal het, word vrygestel van die ouderdom van die graad se norm, behalwe waar 'n leerder drie jaar ouer as die norm vir die graad is. In so 'n geval moet die Departementshoof bepaal of die leerder wel tot die graad toegelaat sal word.

4.4.4 Veelvuldige herhalings in een graad is nie toelaatbaar nie.

4.4.5 Leerders MOET gedurende die jaar van toetrede tot Graad 1 sewe jaar oud word.

4.4.6 Leerders wat 6 word voor Junie kan slegs vir plasing in Graad 1 oorweeg word indien:

- leerders in die direkte gebied woon
- alle leerders soos beskryf in 4.4.5 reeds geplaas is
- professionele bewys gelewer word dat die leerder skoolgereed is op hierdie ouderdom (assessering)
- relevante terugvoer van Gr. R/vorige skool ontvang is.

4.5 Verdere kriteria rakende diegene vir wie hierdie nie die naaste geleë skool is nie.

4.5.1 Die aansoeker se begrip van en kommunikasievermoë in die skool se onderrigmedium moet op peil wees om sodoende te verseker dat dit nie sy/haar akademiese vordering onbillik belemmer nie, met dien verstande dat, ingeval 'n leerder op grond hiervan nie toelating verwerf nie, 'n skool met 'n meer geskikte onderrigmedium beskikbaar is binne redelike afstand van die leerder se normale woning of sy/haar ouers se werkplek.

4.5.2 Die aansoeker se unieke vermoë en/of potensiaal om voordeel te trek uit, en 'n bydra te lewer tot die skool, in alle vorms van die skool- en buitemuurse aktiwiteite.

4.5.3 Enige leerder of ouer, wie aansoek tot toelating geweier is tot 'n openbare skool, mag appelleer by 'n lid van die Uitvoerende Komitee teen die beslissing[8].

## 5. HERTOELATING NA VERWYDERING VAN DIE ROL

Dit kan gebeur dat 'n leerder van die rol geskrap word as gevolg van swak skoolbywoning, kragtens die prosedures opgesom in die nasionale of provinsiale skoolbywoningsbeleid. Sou so 'n leerder aansoek doen om hertoelating tot die skool, sal die aansoek slegs oorweeg word en die Toelatingsbeleid, asook die verskeie kriteria toegepas word, nadat:

5.1 daar bevestig is dat daar wel plek beskikbaar is in die skool;

5.2 die leerder en sy/haar ouers die skool oortuig het dat sy/haar hertoelating tot die skool in die beste belang van die leerder en die skool is; en

5.3 die leerder en ouers die skool oortuig het dat die leerder se toekomstige skoolbywoning aan die verwagtinge van die skool sal voldoen.

## 6. FINALE TOTALE AANTAL TOELATINGS

Dit word aanvaar dat *die Beheerliggaam van die skool se gesag rakende toelatings nie onbeperk is nie, dat hierdie beleid nie gevrywaar is teen intervensie (inmenging) nie, en dat die beleid nie ander besluitnemers onversetlik beperk in* ***alle omstandighede*** *nie. Derhalwe mag die* finale aantal leerders wat toegelaat word tot die skool te enige tyd verskil van bogenoemde op grond van spesifieke inskrywings, die vakkeuses van individuele leerders gedurende die spesifieke jaar, of intervensie van die Departementshoof, met dien verstande dat enige *besluit om 'n toelatingsbesluit van die hoof omver te werp, of om af te wyk van die Toelatingsbeleid, redelikerwys en met billikheid en regverdigheid hanteer sal word. Die klas-, graad- en skoolinskrywing* sal in alle geval nie die berekende kapasiteit met meer as 2% per graad, of twee leerders per klas oorskry sonder die goedkeuring van die Skoolbeheerliggaam of 'n gemotiveerde verduideliking vir sodanige oorskryding deur die Skoolbestuurspan of die Hoof van Onderwys nie.

8 Artikel 5(9) van die SASN van 1996.

# BYLAE A

## DEFINISIE VAN AANGEWESE SKOLE EN KAPASITEIT

**1. KAPASITEIT**

**Die totale kapasiteit van die skool is:**

**GRAAD 1 – 3**
112 Afrikaanse leerders per graad. 28 X 4 = 112 (4 klasse).
56 Engelse leerders per graad. 28 X 2 = 56 (2 klasse).
Dit is gelyk aan: 168 per graad en 28 per klas (6 klasse per graad).

**GRAAD 4 – 7**
120 Afrikaanse leerders per graad. 30 X 4 = 120 (4 klasse).
60 Engelse leerders per graad. 30 X 2 = 60 (2 klasse).
Dit is gelyk aan 180 per graad en 30 per klas (6 klasse per graad).

Die kapasiteit van die skool is gebaseer op:

**1.1** ***Die aantal klaskamers (42) en grootte (ongeveer 36 m² per klaskamer) van klaskamers in die skool.***

1.2 Die behoefte om klasruimte vir onderrig te voorsien wat nie minder gunstig is as die norme en standaarde wat wetlik van toepassing op openbare skole is nie.

1.3 Die skep en instandhouding van 'n stimulerende, volhoubare opvoedkundige omgewing. Dit is deels afhanklik van die beskikbaarheid van afgebakende, eksklusiewe en toepaslike ontwikkelde ruimte vir die volgende opvoedkundige fasiliteite, ten minste tot op die beoogde vlak van die staatsnorme en -standaarde vir skoolinfrastruktuur ooreenstem:

1.3.1 'n Biblioteek.

1.3.2 Wetenskap- en rekenaar/tabletlaboratoriums.

1.3.3 Tegnologie- en kunsklaskamers.

1.3.4 Musiekkamers (vir individuele musiekonderrig, asook vir grootgroep musiekproduksies/-beoefening).

1.3.5 'n Skoolsaal.

1.3.6 Snoepie.

1.3.7 'n Spanonderriglokaal – OINK.

1.3.8 'n Fisiese fiksheid- en gesondheidsentrum – SKUUR.

1.3.9 ‘n Spanonderriglokaal – RHEEDER.

1.3.10 Die behoefte om administratiewe ondersteuning aan die opvoedkundige proses te bied deur voorsiening te maak vir aangewese, geskik-gemeubileerde, relevant toegeruste en eksklusiewe ruimte vir:

1.3.10.1 'n Personeelkamer en afrolkamer.

1.3.10.2 Kantore en werkspasies vir bestuur, administratiewe en ondersteunende personeel.

1.3.10.3 Van Schalkwyk Leerondersteuningsentrum.

## 2. LIGGING

Die ligging soos hieronder geïdentifiseer is, word beskou as van sodanige ligging dat die uitsluiting van 'n leerder wat binne hierdie grense woon, as onredelik, selfs onverdedigbaar, bestempel kan word; met uitsondering van spesifieke diskwalifiserende faktore, insluitende maar nie beperk tot die volgende: voldoen nie aan die ouderdomsnorm of akademiese vereistes vir toelating nie, laat indiening van ŉ aansoekvorm. Die betrokke ligging sluit al die wonings in wat nader aan hierdie skool, as aan enige ander skole is, indien die kortste moontlike en praktiese roete van een plek na die ingang van die skool gevolg word.

**Voorkeer van liggings tot die skool kapasiteit bereik:**

A. *Woonplekke wat die naaste aan Laerskool Eversdal geleë is.*

B. *Broers en susters van een gesin, indien die broer/suster die volgende jaar in die skool sal wees.*

**Die volgende sluit voorbeelde van areas wat binne die geografiese area geleë is in**:

A. Geografies die naaste aan die skool, bv. Everglen; Durbell; Eversdal; Chantecler; Stellenryk; Stellenberg; Glen Ive; Bethanie; Rosendal; East Rock; Silverstream;

B. Hierby ingesluit is ook sekere strate in die volgende woongebiede (nie die naaste aan die skool nie), bv. Eversdal Heights, Amanda Glen; Stellenridge; Ridgeworth. Hierdie ouers moet dit oorweeg om ook in te skryf by die skool wat die naaste aan hulle geleë is.

C. Ander liggings: Hierdie ouers moet dit oorweeg om ook in te skryf by die skool wat die naaste aan hulle geleë is.

**MNR. G. BURGER**
**LAERSKOOL EVERSDAL: SKOOLHOOF**

**2026**

**MNR. SIAS FOUCHÉ**
**BEHEERLIGGAAM: VOORSITTER**

**2026**